

Die dwaasheid van Kersfees

Wat 'n wonderlike dag – Kersdag, die dag waarop ons die geboorte van Jesus vier. Kom ons lees wat 2,000 jaar gelede in Betlehem gebeur het...

Lukas 2:1-7:

Gedurende daardie tyd het die Romeinse keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig dat 'n sensus deur die hele Romeinse Ryk gehou moes word. ²Dit was die eerste sensus wat gehou is toe Sirenius goewerneur van Sirië was.

³Almal het teruggegaan na hulle eie dorpe om vir die sensus te registreer. ⁴En omdat Josef 'n afstammeling van koning Dawid was, moes hy na Betlehem, Dawid se tuisdorp, gaan. ⁵Hy het vanaf die dorp Nasaret in Galilea vertrek. Hy het sy verloofde, Maria, wat teen dié tyd ver swanger was, saamgeneem.

⁶Terwyl hulle daar was, het die tyd aangebreek dat haar kind gebore moes word. ⁷Sy het geboorte gegee aan haar eerste Kind, 'n seun. Sy het Hom in doeke toegedraai en Hom in 'n krip neergelê omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

Kersdag is 'n fees vir dwase! Die vraag is: Watter tipe dwaas is jy? Natuurlik is een mens se wyse iemand anders se dwaas, so dis nie noodwendig sleg om 'n dwaas te wees nie! Uiteindelik is ons almal dwase, die vraag is: Watter tipe? Wel, watter tipes is daar, wou jy dalk vra. Kom ons gaan kyk na die gebeure op daardie eerste Kersdag en dan vra ons onself af hoe so 'n dwaas vandag sou lyk...

A. MENSE SE DWAASHEID:

1. Vir wyse manne is Hy iemand anders se koning

Die eerste dwases wat ons sien is die sterrekykers, die wyse manne uit die ooste.

Matteus 2:1, 2:

Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom 2 en gevra: "Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys.

Hierdie sogenaamde "wyse manne" sien hoe die heelal aankondig dat daar 'n besondere koning gebore is! Kan jy jou dit indink – die sterre sê dat iemand besonders gebore is! Wat doen jy? Wel, jy pak dadelik jou beste geskenke in en gaan soek Hom. En dan as jy hom kry, dan vereer jy Hom. En dan? ... Skynbaar is die "wyse" ding om dan te doen om maar net weer te loop! Hoekom? Omdat dit nie hulle koning is nie, maar die Jode s'n... Die wyse manne kom tot by Jesus, kom tot by die een oor wie die sterre getuig, kom tot by God wat mens word – en besluit dan dat Hy nie hulle God is nie. Hy is die Jode s'n – ons sal Hom eer en die regte dinge doen en sê en ons sal nie vir die mense wat Hom wil aanbid kwaad wees nie, maar Hy is nie ons God, ons koning nie. En hulle gaan terug na hul eie gode, hul eie konings, hul eie lewe. Vir die wyse manne was Jesus iemand anders se koning. Dwase!

2. Vir Herodes is Hy 'n bedreiging

Die tweede dwaas van wie ons lees is koning Herodes.

Matteus 2:2, 3, 16:

²“Waar is die pasgebore Koning van die Jode? Ons het sy ster sien verskyn* en gekom om Hom te aanbid*.”

³Toe koning Herodes hiervan hoor, het dit hom hewig ontstel; so ook die hele Jerusalem.

¹⁶Toe Herodes agterkom dat die sterrekundiges hom uitoorlê het, was hy absoluut woedend. Hy het soldate gestuur om in en rondom Betlehem al die seuntjies van twee jaar en jonger te gaan uitwis.

Vir koning Herodes was Jesus 'n bedreiging:

Ek is die koning van die Jode – hoe kan daar nou 'n ander koning gebore word?!!! Dit kan nie wees nie!

Ek moet van hom ontslae raak voor dit te laat is!

Herodes hoor eerste van die koms van Jesus, maar vir hom is dit 'n bedreiging wat hy net van ontslae moet raak. Vir Herodes was Jesus 'n bedreiging. Dwaas!

3. Vir herders is Hy iemand wat jy besoek en dan aangaan met jou lewe

Die derde groep dwase wat ons sien is die herders, die skaapwagters.

Lukas 2:15-17:

¹⁵Toe die engele teruggegaan het na die hemel, sê die skaapwagters vir mekaar: “Kom ons gaan Betlehem toe om te sien watter wonderlike ding gebeur het, soos die Here dit aan ons bekendgemaak het.”

¹⁶Hulle het toe na die dorp toe gehardloop en vir Maria en Josef gekry, en die Kindjie wat in die krip lê. ¹⁷Toe het die skaapwagters vir almal gaan vertel wat gebeur het, en wat die engel vir hulle oor die Kindjie gesê het.

¹⁸Almal wat die skaapwagters se verhaal gehoor het, was verbaas, ¹⁹maar Maria het stilweg hierdie dinge in haar hart bewaar en dikwels daarvoor nagedink. ²⁰Die skaapwagters het teruggegaan na die veld en hulle kuddes terwyl hulle God loof en prys oor wat die engele vir hulle vertel het, en omdat hulle die Kind gesien het, net soos die engel gesê het.

Die skaapwagters kry die boodskap van Jesus se geboorte direk by die engele! Die engele vertel vir hulle dat die Verlosser gebore is, die Messias! Die redder van die mense is in Betlehem! En hulle gaan kyk en hulle kry Hom en hulle loof God daarvoor en ... En?... En dan?... Dan gaan pas hulle maar weer hulle skape op, dan gaan hulle maar weer aan met hulle werk en hulle lewe soos voor die engele aan hulle verskyn het. Hoe kan dit? Ek bedoel, as hulle weet Jesus is die Verlosser, hoekom verander niks in hulle lewe nie? Hoekom lees ons nie weer van die skaapwagters nie? Hoekom is hulle nie saam as Jesus Egipte toe moet vlug nie? Hoekom is hulle nie daar waar Hy groot word in Nasaret nie? Hoekom is hulle nie sy eerste dissipels nie? Die ENGELE het vir hulle vertel dat Hy die Verlosser is en hulle gaan aan asof niks gebeur het nie... Vir die skaapwagters was Jesus 'n lekker afwisseling. Dwase!

4. Vir Josef en Maria is Hy iemand om wie hulle hulle hele lewe bou

Die vierde groep dwase wat ons sien is Josef en Maria.

Matteus 1:18-19

¹⁸Dit is hoe Jesus gebore is: Maria, sy ma, was verloof aan Josef. Nog voor hulle getroud is en hulle intiem verkeer het, het dit geblyk dat sy verwagting was. Die Heilige Gees het die baba in haar verwek. ¹⁹Josef, haar verloofde, was in 'n dilemma. Aan die een kant was hy 'n wetsgehoorsame man; aan die ander kant wou hy haar die openbare skande spaar.

Josef en Maria is verloof. Josef is omtrent 19 jaar oud en Maria omtrent 13. Toe word Maria swanger – dwaas! Josef is nie die pa nie – dwaas! Maria beweer dat God die Pa is: dis godslastering – dwaas! Maria verdien om gestenig te word: sy is 'n egbreuker en 'n godslasteraar, maar Josef doen nie wat die wet sê nie, maar spaar haar – dwaas!

Josef en Maria kies om teen die wet en die tradisie en die samelewingsnorme en die waardes van die tyd in te gaan en Jesus groot te maak. Josef en Maria kies vir Jesus, al beteken dit dat hulle hele lewe omvergewerp word: hulle moet Egipte toe vlug; hulle beleef skande en verwerping en swaarkry en hartseer en pyn alles ter wille van Jesus? Vir Josef en Maria was Jesus hulle hele aardse lewe. Dwase!

5. Vir Simeon is Hy die Messias, die Verlosser

Die vyfde dwaas is Simeon. Wie was hy? Ons weet nie. 'n Onbekende, gewone mens ... wat glo. Hoor hier:

Lukas 2:25-32:

²⁵Daar was toe 'n man met die naam Simeon wat in Jerusalem gewoon het. Hy was 'n opregte man en baie toegewyd. Hy was met die Heilige Gees vervul en het gretig daarna uitgesien dat die Messias sou kom om Israel te red. ²⁶Die Heilige Gees het aan hom bekendgemaak dat hy nie sou sterf voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie. ²⁷Daardie dag het die Gees hom na die tempel toe gelei. Toe Maria en Josef opdaag om die Kindjie Jesus aan die Here te wy, soos die wet vereis het, ²⁸was Simeon daar. Hy het die Kind in sy arms geneem en God geprys:

²⁹"Here, nou kan ek in vrede sterf

soos U my beloof het,

³⁰ want ek het die Verlosser gesien

³¹ wat U vir die mense

van alle volke gegee het.

³² Hy is 'n lig om God aan die nasies

bekend te maak,

en Hy is die glorie van u volk Israel!"

Vir Simeon was Jesus meer as net sy aardse lewe. Vir Simeon is Jesus die Verlosser! Nie net vir Simeon nie, maar vir al die volke.

1. Hy is nie net koning van die Jode nie – Hy is Koning van almal!
2. Hy is nie 'n bedreiging nie – Hy is die enigste ware vrede!
3. Hy is nie net 'n afwisseling nie – Hy is die lig wat God wys!
4. Hy is nie net my aardse lewe nie – Hy is my ewige lewe!

Simeon ontmoet Jesus eers aan die einde van sy lewe, maar vir hom is dit genoeg; vir hom is sy hele lewe waardevol deur sy ontmoeting met Jesus. Vir Simeon, is Jesus die doel van sy lewe. Vir Simeon word sy aardse lewe sinvol deur die ewige God, die ewige lewe by God. Vir Simeon is Jesus sy Verlosser vir ewig – en dit bepaal alles. Dwaas!

So, watter tipe dwaas is jy?

DIE 5 DWASE VAN KERSFEES:

1. DWAAS 1: JESUS IS IEMAND ANDERS SE KONING

Jesus is goed en oulik en as jy so wil lewe en Hom wil volg, is dit OK vir jou, maar moet net nie dit van my ook verwag nie. Ek sal saam met jou sy partytjie hou, maar dan gaan ek weer aan met my lewe en my gode. Ek sal Kersfees vier en dalk self kerk toe gaan op Kersdag, maar vir die res van die jaar is die wêreld en my prioriteite en my verstand en my begeertes koning. Is dit jy?

2. DWAAS 2: JESUS BEDREIG MY

Ek kan nie toelaat dat Jesus koning is in my lewe nie, want dan moet ek my vreugde en plesier en prioriteite prysgee! Dan kan ek nie meer koning wees van my koninkryk nie, dan regeer ek nie meer my eie lewe nie. As Jesus koning is, dan beteken dit dat ek moet doen wat Hy sê. Dan bepaal Hy wat ek doen en wat ek sê en waarmee ek besig is. Dan bepaal Hy waarmee ek my dag volmaak en hoe ek lewe. Dit kan my my vriende kos, my werk kos, my huis kos, my besittings kos. Ek kan my populariteit verloor, ek kan my invloed verloor, ek kan my lewenstandaard verloor. Nee, Hy kan nie koning wees van my nie – ek kan dit nie bekostig nie. Is dit jy?

3. DWAAS 3: JESUS IS 'N AFWISSELING

Hy is oulik en spesiaal, maar nie so spesiaal nie. Ja, ek sal my lewe en werk vir een dag prysgee om by Hom te kuier, maar niks meer nie. Eendag 'n jaar – Kersfees. Een dag 'n week: Sondag. Ja, dit sal lekker wees om God te loof, lekker wees om te sing. Ja, ek glo dat Hy die Verlosser is soos die engele gesê het ... maar tot Hy eendag verlos gaan ek maar aan met my gewone lewe. Ek gaan maar aan soos enige ander mens. Van Maandag tot Saterdag leef ek soos die res van die wêreld. Sondag sal ek weer God kom loof. Laat weet as daar intussen iets gebeur. Is dit jy?

4. DWAAS 4: JESUS IS MY HELE AARDSE LEWE

Ek probeer doen wat Jesus my leer. Ek probeer erediens bywoon en Bybel lees en bid en doen wat reg is. Waar Jesus my vat, daar gaan ek. Jesus bepaal my aardse lewe en hopelik sal dit my eendag in die hemel bring. Is dit jy?

5. DWAAS 5: JESUS IS MY VERLOSSER VIR EWIG

Jesus is die Verlosser vir die mense van al die volke! Hy verander alles! Hy is vir almal! En ek is deel daarvan. Dit is waaroor my lewe gaan! My lewe gaan nie daaroor om eendag in die hemel te kom nie; my lewe gaan daaroor om Jesus Christus, wat mens geword, oral op aarde te bring. My ewige lewe is

vas en seker – ek gaan by God wees. My aardse lewe is nie so seker nie en daarom doen ek alles met my ewige toekoms as fokus en as rigtinggewer. Ek is 'n hemelburger, ek is deel van God se koninkryk. Ek is hier as ambassadeur om Hom te wys en te verteenwoordig en te weerspieël tot my werk hier klaar is en ek huis toe kan gaan. Is dit jy? Of klink dit dwaas?

Miskien is dit goed om die Bybel die laaste woord te laat hê. Gaan jy saam met my dwaas wees vandag en elke dag?

1 Korintiërs 1:18-25

¹⁸Ek besef hoe belaglik die boodskap van die kruis moet klink vir hulle wat verlore gaan. Maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God. ¹⁹Soos die Skrif sê:

“Ek sal die wyse mense
se wysheid tot niet maak;
en die skerpsinniges
se briljante idees
sal Ek van die tafel vee.”*

²⁰Wat het dus geword van die filosowe, die boekgeleerdes, die debatvoerders van hierdie wêreld? God het bewys hoe inherent dwaas die wysheid van hierdie wêreld in werklikheid is. ²¹Aangesien God in sy wysheid beskik het dat die wêreld Hom nooit deur menslike slimigheid sou vind nie, het Hy dit goedgevind om deur die “dwaasheid” van ons prediking dié wat glo, te red. ²²Die Jode wil indrukwekkende tekens hê om die waarheid van die Goeie Nuus* te bevestig en die Grieke wil 'n vertoon van wysheid hê. ²³Maar ons verkondig die gekruisigde Christus. Vir die Jode is dit skokkend en vir die heidene is dit absolute dwaasheid. ²⁴Maar vir ons almal wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is die gekruisigde Christus die magtige kragwerking van God en die wonderlike wysheid van God. ²⁵Hierdie Goddelike “dwaasheid” is oneindig wyser as enige menslike wysheid en hierdie Goddelike “swakheid” is oneindig sterker as enige menslike kragvertoon.

Amen.